

1. **Lees Matteus 5: 14 – 16.** Wat in die gedeelte spreek jou aan? Deel dit met die groep.

2. **ONS MOET ALMAL ONS LIG VIR DIE HERE LAAT SKYN.**
Om ons daarmee te help, gee die Here deur die Heilige Gees vir ons
 - † 'n **PERSOONLIKE STYL (HOE ek my lig kan laat skyn),**
 - † **GAWES (WAT ek kan gebruik om my lig te laat skyn),**
 - † 'n **ROEPING (WAAR ek my lig die beste kan laat skyn)**

3. **Deel met mekaar:** somer so in die algemeen op watter maniere/waar laat jy jou lig tans skyn/op watter maniere wil jy nog jou lig laat skyn vir die Here?
4. In die preek is genoem dat **elkeen uniek** gemaak is. Bespreek: Hoe is dit tot voordeel van die kerk/tot uitbreiding van God se Koninkryk? (1 Kor 12: 12-27)
5. **Deel met mekaar :**Wat dink jy is jou **persoonlike styl /HOE** jy jou lig kan laat skyn? Mensgerig of Taakgerig? Gestruktureerd of ongestruktureerd?
6. **Lees 1 Kor 12:1-12 en 28 – 30** en noem vir mekaar die verskillende gawes wat julle daarin raaklees.
7. **Deel met mekaar:** wat dink jy is jou **gawes/maw** dit **WAT** jy kan gebruik om jou lig vir die Here te laat skyn?
8. **Deel met mekaar:** wat dink jy is jou **roeping/passie** maw **WAAR** jy jou lig die beste kan en moet laat skyn (bv kinders, senior mense, armes, gevangenis)
9. **Bid vir mekaar:** dat die Here elkeen sal wys hoe Hy hulle spesiaal gemaak het, en dat hulle sal beseef hoe Hy wil hê hulle lig nog meer vir Hom moet skyn.

UITNODIGING: Kom woon asseblief die Netwerkkursus by en vind presies uit wat jou persoonlike styl, gawes en roeping is. Dit word 'n paar keer per jaar aangebied (opgedeel in 3 dele wat oor 3 Dinsdagaande aangebied word).

Die kursus is gratis, maar jou werksboekie kos R50.